Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# WAPENTUIG VAN DIE EERSTE VRYHEIDSOORLOG

**Kapt R. von Moltke***

**In this comprehensive article on the weapons employed during the war of 1880 — 1881, the author not only gives a description of the weapons but also discusses the merits and shortcomings of each. He also offers a very vivid description of the exact manner in which the different weapons were applied during the war, by both sides.**

Die resultaat wat behaal word wanneer 'n wapen in tyd van oorlog aangewend word, is belangriker as die teoretiese moontlikhede daarvan. Daarom is dit belangrik dat daar nie alleen besonderhede verstrek word aangaande die wapens wat tydens die Eerste Vryheidsoorlog gebruik is nie, maar dat daar ook waar nodig gekyk moet word na verskille in vegmetodes en krygsvernuf van die strydende partye. Die Eerste Vryheidsoorlog is nie deur die burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek gewen omdat hulle ten opsigte van getalle of krygstuig beter daaraan toe was nie, maar omdat hulle in hierdie stryd bevoordeel is deur hulle besondere agtergrond en leefwyse en daaruitspruitende vernuf wat eie was aan Suid-Afrikaanse omstandighede.

Die Boer as soldaat is deur die Britse soldaat as minderwaardig beskou. So is hulle byvoorbeeld deur die Hertog van Cambridge bestempel as 'n 'army of deerstalkers'. Groot Colley het op sy beurt na hulle verwys as 'undisciplined rabble'.[1] (Na die oorlog moes hierdie siening van die Boerekryger noodwendig anders gewees het.) Op hulle beurt het die Boere die Britse gevegsdril as onprakties en selfs komieklik beskou. As die krygstegniek en opvattinge van die twee magte kortliks vergelyk word, sal dit duidelik blyk waarom die oorlog teen alle verwagtinge in vir die Britse magte op 'n rampspoedige nederlaag uitgeloop het.

Die kennis wat die Boerekryger van oorlog gehad het, het hy opgedoen uit praktiese ervaring tydens sy optrede teen Swart opstandelinge. Die burgers van die twee Boere-Republieke was onbekend met die gedagte van 'n staande gevegsmag en ook met die Europese konsep van besoldigde krygsdiens. Om die wapen op te neem teen die vyand was die verantwoordelikheid van elke weerbare man, ongeag ouderdom. Met verloop van tyd is 'n wyse van oorlogvoering onder die burgers van die twee jong state ontwikkel wat eiesoortig was in die wêreld, maar wat onder omstandighede dikwels baie meer effektief was as die metodes soos in daardie stadium gepredik deur krygskundiges van moderne Europese magte.

Die Boerekryger het sy agtergrond as man van die veld, sy lewenslange afhanklikheid van sy vuurwapen en sy onlosmaaklike verbondenheid aan sy ryperd gehad as natuurlike vermoëns. Sy kennis van die omgewing en die topografie was by hom tweede natuur. Dit was nie nodig om opgeleide persone te hê om aanvalsplanne met behulp van teoreties bekombare informasie uit te werk nie. Die slagveld was bekend aan elke man. As kryger was elke burger van nature infanteris en kavellaris. As berede infanteris was die Boerekryger seker die mees perfekte voorbeeld ter wêreld. Ook sy opvatting omtrent oorlogvoering, veral teen blankes, was anders as die van die Europese soldaat. Die filosofie van die Boer in hierdie verband was dat hy veg om te lewe en nie om te sterwe nie.[2] Daarom was dit vir hom geen skande om te vlug om sy lewe te behou nie en het hy ook verkies om te verdedig eerder as om aan te val.

Die Boere het geen voorgeskrewe gevegsdril gehad nie. Hoewel verenig in hulle gemeenskaplike doelwit, het elke burger selfstandig opgetree tydens 'n geveg. Eie ondervinding het by hulle swaarder geweeg as handboekvoorskrifte. Elkeen het sy eie posisie uitgesoek waarvandaan hy die beste uitsig sou hê op die slagveld sonder om homself onnodig bloot te stel aan die vyand. Hierdie taktiek van die Boere, tesame met hulle uitstekende skietvernuf, kan as een van die grootste oorsake van hulle sukses beskou word. Daardeur het hulle die Britse magte verhinder om

hulle artillerie suksesvol aan te wend en het die gebruik van die bajonet en die swaard feitlik onmoontlik geword.

Die wapens wat gedurende die oorlog gebruik is, was potensieel aan beide kante byna dieselfde, met uitsondering van die Britse grofgeskut. Dit op sigself het nie die uitslag van die oorlog bepaal nie. Die sukses wat die Boere behaal het, kan toegeskryf word aan die beter benutting van hulle wapens en hulle besondere wyse van oorlogvoering wat eie was aan toestande binne die ZAR.

Wanneer die Boerekryger as indiwidu vergelyk word met die Britse soldaat, is die verskille tussen die twee van wesentlike belang. Die Boer was van kleins af in die saal en in die veld. As skerpskutter was hy vertroud met sy geweer wat sy persoonlike eiendom was en waarmee hy ook oorlog gemaak het indien nodig. Oor die algemeen het die burger beter omgesien na sy geweer as na sy persoon.[3] Hoewel konserwatief in baie opsigte, het die burgers nie gehuiwer om die mees moderne en duurste gewere te koop wat op die mark verkrygbaar was nie. Daarom was feitlik alle fabrikate wat in daardie jare gereken was as goeie gewere verteenwoordig binne die geledere van die Boeremagte. Behalwe die mees algemene Westley Richards doppie-agterlaaiers en die Martini-Henry gewere van diverse oorsprong en formaat, was daar ook Winchester repeaters, Enfield Sniders, Calisher-Terry's en Sharps karabyne onder die wapens aan Boere kant. Omdat hulle baie goeie gewere gehad het, en daardie gewere kon gebruik soos min ander nasies in die wêreld, kon die Boere ook die soort oorlog wat gevoer sou word dikteer. Die gevolg was 'n langafstandoorlog waarin die doeltreffende gebruik van die geweer die deurslaggewende faktor sou wees en waarin selfs nie eers die gevreesde Britse kanonne die gewenste uitwerking sou hê nie.

Daarteenoor was die netjiese Britse soldaat in sy opvallende uniform lid van 'n geoefende gevegsmag wat moes oorlog maak volgens voorgestelde metodes en prosedures. In teenstelling met die berede infanteriste van die Boere, was die Britse soldaat spesialissoldaat wat opgelei was om 'n bepaalde gevegsdril uit te voer volgens 'n vaste patroon. Hy moes saam met die mag beweeg in vaste orde volgens 'n vasgestelde roete en belas met 'n vrag op sy rug wat sy beweeglikheid gestrem het. Hy is uitgereik met 'n standaard geweer wat hy baie selde werklik goed kon gebruik. Hy was gewoond om oorlog te maak volgens 'n bepaalde, byna gekondisioneerde metode teen 'n vyand wat òf byna dieselfde metode gevolg het, òf barbare was wat bloot op getalle staatgemaak het om die Britse magte te verslaan. Die meeste Britse soldate in hierdie stryd was nie vertroud met 'n perd nie en selfs die berede soldate was gestrem deur die feit dat hulle ook volgens 'n vaste patroon en neergelegde reëls moes optree. Boonop was die kavalleriste toegerus met kortloop karabyne en kon die Boere, wat oorwegend gebruik gemaak het van langloop gewere, baie maklik buite die trefafstand van die Britse kavallerie se gewere bly. Verder was die Britse soldaat nie vertroud met die omgewing nie en was een van sy grootste probleme om afstand korrek te skat. Die helder lig wat voorwerpe nader laat lyk as wat hulle werklik is, is aangevoer as een van die redes waarom afstand so dikwels verkeerd geskat is. Daarteenoor was daar soveel gevalle waar die vuur weer te hoog gerig is, wat weer dui op die oorskatting van afstand. Veral die Britse artilleriste het gewoonlik die eerste paar skote ver oor die teikens geskiet. Dit is interessant om daarop te let dat die Boere uit die aard van hulle jagervaring baie minder staatgemaak het op die visier van die geweer om aanpassings ten opsigte van afstand te maak. Uit ervaring is geweet om hoër of laer te vat sonder om die versier te verstel. Baie burgers het selfs in die jagveld die duim en voorvinger om die loop gebruik in die plek van die visier. So 'n gebruik sou egter nie tydens 'n geveg moontlik gewees het nie, omdat die lope te warm sou word. Daarom is dikwels nat lappe om die geweerlope gedraai om dit af te koel wanneer daar vinnig geskiet is.[4]

Wanneer daar vervolgens 'n bespreking aangebied word van die wapens wat tydens die oorlog gebruik is, is dit derhalwe noodsaaklik om te besef dat die wapen nie geïsoleer kan word van die gebruiker daarvan nie. Daarom sal dit ook nodig wees om te let op sekere insidente tydens die verloop van die oorlog wat sal dien ter stawing van die voorafgaande stellings en vergelykings. Ter wille van die logiese benadering van die onderwerp word die wapentuig in breë groepe verdeel en word die onderskeid ten opsigte van die twee magte waar moontlik voortdurend gehandhaaf.

## 1. Infanteriewapens tydens die Eerste Vryheidsoorlog

### Gewere aan Boere kant

Twee gewere is oorwegend deur die Boere gebruik, naamlik die Westley Richards doppie-agterlaaiers en die Martini-Henry-tipe

valblokslotgeweer. Nogtans verdien enkele ander gewere ook vermelding, omdat dit ook gedurende die oorlog gebruik is. Die Boerekrygers is nie uitgereik met gewere nie. Omdat die jaggeweer tydens die oorlog as wapen vir die kryger moes dien, is dit te begrype dat die verskeidenheid gewere aan Boere kant groter was as aan Britse kant. Hoewel daar oor elke soort geweer baie geskryf is, en die tegniese gegewens daaroor 'n studie-onderwerp opsigself is, word hier net die histories relevante kortliks saamgevat.

*Die Westley Richards*

Die Westley Richards was die geweer wat deur die meeste Boerekrygers gebruik is. tydens die Eerste Vryheidsoorlog. Hoewel nie so 'modern' as die Martini-Henry-tipe gewere van daardie tyd nie, is daar tog sekere eienskappe verbonde aan hierdie geweer wat hom as 'Wessel Rykaard' of 'Wessel Riekert' 'n baie geliefde vriend van menige jagter en Boere kryger gemaak het.

Die Westley Richards word beskou as die beste doppie-agterlaaier wat ooit gemaak is.[5] Dit het nie 'n grendelslot gehad soos die moderne jaggeweer nie. Die slot is oopgemaak deur die sogenaamde 'aapstert' wat reguit boontoe opgelig het met 'n skuifblokslot wat dan in die slotopening teruggeskuif het. Wanneer die skoot afgetrek is, het dit vasgesluit totdat die druk wat deur die ontploffing veroorsaak is, afgeneem het. Die 'stert' kon dan weer maklik oopgemaak word.[6] Vergeleke met die Martini-Henry was die laai van die Westley Richards 'n baie stadiger proses.

Die algemene militêre kaliber wat in daardie jare gebruik is, was .577 duim. Richards was 'n voorstander van 'n kleiner kaliber en het dit verminder tot .45 duim. (Hierdie kaliber is later ook vir die Martini-Henry aanvaar.) Die Westley Richards het met papier patrone geskiet wat deur 'n slagdoppie op 'n nippel afgevuur is. Die koeël en kruit is toegedraai in salpeter deurdrenkte papier met 'n dik, vetgesmeerde viltpluisie op die boom daarvan wat moes help om die groewe skoon te vee.[7]




**Voorbeeld van 'n Westley Richards geweer.**



**Slotaksie van die Westley Richards geweer.**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**Die papier patroon van die Westley Richards geweer. Illustrasie: F.V. Lategan: Die Boer se Roer, p 48.**

Die Westley Richards-gewere wat in Suid-Afrika verkoop is, was van die 1866 *Pattern*, met looplengtes wat gewissel het van 20 duim tot 33 duim. Die mees algemene looplengte was sowat 25 ¼ duim. Die Westley Richards het die voordeel gehad dat dit ook as voorlaaier gebruik kon word. Sommige bronne beweer dat hierdie eienskap die meer konserwatiewe burgers welgeval het,[3] maar veel eerder kan dit as 'n voordeel beskou word omdat dit ingeval van 'n gebrek aan papierpatrone as voorlaaier gebruik kon word. 'n Geelkoperplaat, wat saam met die geweer voorsien is, is voor die slot geplaas sodat die geweer van voor af gelaai kon word.

Die Westley Richards is vir die eerste keer deur die Boere as militêre wapen gebruik teen die Basoetoes tussen 1858 en 1865. Tydens die Slag van Majuba was dit hoofsaaklik hierdie geweer, tesame met 'n aantal Martini-Henry-tipe gewere, wat soveel verwoesting gesaai het. Hoewel die twee Boere-Republieke van die Tweede Vryheidsoorlog oorgeskakel het na die moderne grendelslot naaldgewere, het die Westley Richards as jaggeweer vir nog baie jare sy plek volgestaan en het dit steeds 'n baie doeltreffende en akkurate wapen gebly. Die verdwyning van die Westley Richards, net soos die Martini-Henry, van die toneel, was die gevolg van die ingebruikneming van die soliededop patroon wat die vervaardiging van magasyngewere soos die Mauser en die Lee-Metford moontlik gemaak het.

*Die Martini-Henry-tipe gewere*


Deurgaans is nog verwys na die Martini-Henry-tipe gewere aan Boere kant. Hierdie kwalifikasie is noodsaaklik, omdat verskeie fabrikate gebruik gemaak het van die sogenaamde Martini valblokslot. Daar was egter verskeie tipes van hierdie gewere waarvan baie nie deur die Enfield Fabriek vervaardig is nie. Daar is ook opsigtelike verskille tussen die verskillende tipes Martini-Henry gewere. Dit is noodsaaklik om te let op die werklike herkoms van hierdie beroemde soort geweer.

Die uitvinding van die volledige metaaldop patroon het gelei tot die patentering van Sharps se valblokslot in September 1848. In 1862 het Henry O' Peabody van Boston sy valblokslot gepatenteer. Dit was die eerste geweer waarin 'n valblokslot gebruik is wat aan die agterkant, bokant die lyn van die loop, skarnier. Weens die sameloop van omstandighede het hierdie uitvinding van Peabody nooit die erkenning gekry waarop dit geregtig was nie. Deur geringe veranderinge aan Peabody se patent aan te bring, het Friedrich von Martini van Switzerland egter daarvoor gesorg dat die valblokslot op groot skaal in nuwe gewere gebruik is. Martini het die hamer buite die slot vervang deur 'n naald of slagpen binne-in die valblok in te bou. Daardeur het die valblokslot 'n stewige en kompakte meganisme geword. Die vuurmeganisme van Martini was so effektief dat die weg gebaan is vir die suksesvolle implimentering van die valblokslot in militêre en ander wapens.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Die Martini-Henry geweer het ontstaan toe Martini sy ontwerp na Engeland geneem het om daar getoets te word. Daar is by Enfield geringe veranderinge aangebring en dit is voorsien van 'n loop volgens die Engelse stelsel soos in 1860 deur Alexander Henry gepatenteer. Ongelukkig vir Peabody het die aanvaarding van sy slotaksie deur die Engelse onder die naam Martini-Henry wye publisiteit geniet en het sy naam, selfs in Amerika, vergete geraak. Die Martini-Henry geweer is dus eintlik 'n Martini-Henry met 'n Peabody slotaksie.

Verskeie modifikasies van die Peabody-Martini-valblokslot het spoedig gevolg. So het die sogenaamde Swinburne Martini, die Stahl en die Westley Richards Martini-Henry beslag gekry.[9] Die 'Majuba-tipe' Martini-Henry was juis die produk van Westley Richards. Die verskil tussen die 'Majuba-tipe' en die gewone Martini-Henry kan duidelik waargeneem word op die foto's.



**'n Martini-Henry met 'n langloop (bo) en 'n karabyn (onder).**



**Op hierdie foto van die Royal Artillery kan die besondere kort karabyne van die artilleriste gesien word. Foto: Africana Museum, Johannesburg.**

Dit is interessant om daarop te let dat die eienaardige voorkoms van die Martini-Henry patroon toe te skryf is aan die oorskakeling van die standaard Britse kaliber .577 duim na die kaliber .45 duim as amptelike militêre kaliber. Die dop is aan die voorpunt gekrimp van .577 duim na .45 om die kleiner projektiel te kon huisves. Die dop was aanvanklik sag, maar sedert 1882 is die dop uit soliede geelkoper vervaardig. Onderstaande afbeelding illustreer die veranderinge duidelik.[10]



**Die sagte dop patroon van die Martini-Henry (bo) en die harde dop patroon wat later gebruik is (onder). Foto: F.V. Lategan: Die Boer se Roer, p 134.**

Die Martini-Henry is in 1871 amptelik deur die Britse magte in gebruik geneem. Hierdie gewere het die Snider-Enfields vervang en is beskou as meerderwaardig ten opsigte van laaitempo en trefafstand — gereken as akkuraat tot op 1 000 tree wanneer in die hande van 'n skerpskutter.[11] Verskillende modelle van die Martini-Henry is vervaardig. Vir die kavallerie en die artilleriste is verskillende tipes karabyne gemaak. Vir die artilleriste was die karabyne toegerus met 'n lang, swaard-tipe bajonet. Die infanteriste is toegerus met langloop gewere. Volgens foto's van die oorlog was al hierdie verskillende tipes ook aan Boere kant aanwesig (baie is seker na die Slag by Bronkhorstspruit van die Britse garnisoene bekom). Op die foto's kan die verskillende tipes duidelik uitgeken word.

Spesiale melding moet hier gemaak word van die 'Majuba-tipe' Martini-Henry. Die mees opvallende kenmerk daarvan is die hefboom wat nie teen die kolf buig nie, maar soos 'n stert weglê onder die snellerbeuel. Die kaliber van die patroon is dieselfde as die van die gewone Martini-Henry, maar die dop is agter die koeël effens nouer.[12]




**Slotgedeelte van 'Majuba-tipe' Martini-Henry geweer. Foto's: Brig W. Otto.**

Omdat die Martini-Henry nog met swartkruit geskiet het, het die diep groewe van die loop maklik aangepak en kon dit moontlik die akkuraatheid van die geweer beïnvloed het.

Wanneer die loop vuil was, het die geweer geweldig geskop. Deur die skop te antisipeer, is die skoot dikwels vertrek en die teiken gevolglik gemis.[13] Wanneer die geweer gedurende 'n geveg baie gebruik is, kon dit later moontlik minder akkuraat geword het. Die loop van die geweer moes gevolglik altyd baie skoon gehou word. Die vraag ontstaan of die Westley Richards met sy vlakker groewe nie as militêre wapen meer akkuraat was nie, hoewel dit langer geneem het om te laai as die Martini-Henry? Nogtans het die Martini 'n belangrike rol in die oorlog gespeel en is dit deur baie Boerekrygers gebruik.

*Die Snider-Enfield*

Die Snider-Enfield was in werklikheid 'n omgeboude militêre Enfield voorlaaier. Die uitvinding van die gasdigte metaaldop patroon waarin die projektiel, die dryfstof en die afvuurstof saamgevoeg is, het hierdie verandering moontlik gemaak. Die senterslag metaaldop patroon is in Brittanje deur kol E.M. Boxer ontwikkel vir gebruik in die Snider gewere. Die Snider verteenwoordig die oorgangsgeweer van die doppievoorlaaier na die agterlaaier net soos die Westley Richards die oorgangsgeweer was van die doppievoorlaaier na die doppieagterlaaier. Die Snider sluitstuk skarnier lateraal na regs op die agterloop, anders as die vertikale aksie van die Westley Richards.[14] Dit het 'n effektiewe trefafstand gehad van 600 treë en in die hande van 'n kenner kon 15 rondes per minuut gevuur word.[15]



**Die slotaksie van die Snider geweer.**

Die eerste Snider het kort na 1871 na Suid-Afrika gekom (toe dit reeds deur die Martini-Henry in Brittanje vervang is). Hier is dit as 'n wondergeweer beskou en in die volksmond het dit gou die 'Snyter' geword.[16] Verskillende tipes Sniders was in gebruik. Soos die Martini-Henry, is die Snider ook in verskillende looplengtes gemaak. Hoewel dit nie so 'n prominente plek in die oorlog ingeneem het nie, het die Snider nietemin ook deel uitgemaak van die wapentuig wat aan beide kante gebruik is.

*Die Calisher-Terry*

Net soos die Snider was die Calisher-Terry nie algemeen nie. Nogtans is dit wel tydens die oorlog gebruik, soos gesien kan word op die foto van kmdt S.P. Grove met sy Calisher-Terry.



**Kmdt S.P. Grové met 'n Calisher-Terry.**
**Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum Pretoria.**

Ander gewere wat in die oorlog gebruik is, was Sharps karabyne en Winchester repeaters. Sommige bronne vermeld ook die gebruik van olifantgewere en selfs ook enkele egte voorlaaiers gedurende die oorlog, maar

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

dit is uitsonderlike gevalle en verdien nie om in besonderhede behandel te word nie.

*Gewere aan Britse kant*

Soos reeds genoem, is die Britse magte sedert 1871 met Martini-Henry gewere uitgereik. Dit kan algemeen aanvaar word dat die Britse soldate uitsluitlik van hierdie wapen reeds 'n groot mate van aansien verwerf onder die Britse soldate in verskillende oorloë waartydens dit gebruik is.

Verskeie fabrikate het gedurende die tweede helfte van die vorige eeu gewedywer om algemene erkenning deur die gevegsmagte van Amerika en die Europese state. Aanvanklik het dit gelyk of die Colt rewolwer in




**Die Pretoria Rifles (vrywilligerskorps). Die soldaat sittend, tweede van links en die swart soldaat voor die deur van die 'Officers Quarters' is gewapen met Sniders. Foto: Africana Museum, Johannesburg.**

standaard Martini-Henry gewere gebruik gemaak het. In die geledere van die verdedigers tydens die beleg van Pretoria was daar egter ook Sniders teenwoordig,[17] soos op die foto van die vrywilligerskorps gesien kan word. Omdat daar baie indiwidue was wat hulle eie wapens besit het, kan aanvaar word dat van die wapens wat genoem is aan Boere kant, ook onder hierdie wapens was.

*Rewolwers*

Die Boeremagte het gedurende die Eerste Vryheidsoorlog staatgemaak op skouerwapens. Die enkele handwapens wat aan Boere kant aangetref is, is hoofsaaklik deur offisiere besit. Daarteenoor het die handBrittanje die stryd sou wen, maar mettertyd het ander rewolwers in populariteit toegeneem ten koste van die Colt rewolwer. In 1867 is die Adams rewolwer gapatenteer om die soliede doppie patroon te gebruik.[18] In 1889 is hierdie Adams rewolwer in die plek van die Colt aanvaar as amptelike diensrewolwer van die Britse magte en het dit gebly tot 1899. Hoewel die Adams rewolwer die amptelike diensrewolwer was, is die Britse soldaat nie algemeen daarmee uitgereik nie. Britse offisiere het die wapen van hulle keuse aangeskaf. Gevolglik het 'n verskeidenheid van handwapens gedurende die oorlog deel uitgemaak van die Britse magte se wapenuitrusting. Die rewolwers wat die meeste gebruik is, was die Adams en die Webley.


Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Daar kan weens gebrek aan ruimte nie verder op hierdie wapens ingegaan word nie.

Waar die Britse soldaat tydens ander koloniale oorloë groot welslae behaal het met die rewolwer, het dit nie in die Eerste Vryheidsoorlog veel beteken nie, eenvoudig omdat die Boere skerpskutters die Britse magte op so 'n afstand gehou het dat dit die rewolwer nutteloos gemaak het.

## Swaarde

Die gebruik van swaarde as wapens was uitsluitlik aan Engelse kant. Genl Colley het geglo dat die beste manier om sukses teen die Boere te behaal, sou wees om trompop te veg. Daardeur sou die Boere se mobiliteit en hulle akkurate vuur grootliks geneutraliseer kon word. Vir hierdie doel het hy swaarde uitgereik aan die troepe. Die oorlog het egter nie verloop soos Colley gehoop het nie, met die gevolg dat die swaarde in menige opsig eerder 'n onnodige beslommernis was wanneer die troepe moes skuiling soek om aan die dodelike vuur van die Boere te ontkom. Ook in hierdie opsig het die besondere aard van die stryd die Britse



**Die Driekantige Bajonet.**




**Verdedigers van Fort Tullichewan met bajonette en een van die Krupp-kanonne. Foto: Africana Museum, Johannesburg.**

soldaat verhinder om gebruik te maak van 'n wapen waarmee hy baie goed vertroud was, terwyl hy moes veg onder omstandighede waaraan hy ongewoond was en teen 'n vyand waarvan hy die gelyke tot in daardie stadium nog nie teëgekom het nie.

**Bajonette**

Bajonette was 'n onmisbare deel van die Britse soldate se wapenuitrusting en hulle kon dit baie goed aanwend wanneer omstandighede dit genoodsaak het. Die beskouinge omtrent die gebruik van die bajonet was nogal uiteenlopend. Die Britse bevelvoerders het geglo dat 'n bajonetstormloop 'n aanmerklike uitwerking op die Boere sou hê. Die tradisionele meerderwaardigheid van die Britse bajonet op menige slagveld het hierdie vertroue en geloof in die bajonet versterk. Daarteenoor het die Boerekryger vertrou op sy vermoë om goed te kan skiet en het hy daarin geglo om sy vyand op 'n afstand te hou. Lehman se aanhaling oor 'n boer se opmerking teenoor 'n Engelsman verduidelik die Boere se siening van die bajonet baie goed. Toe 'n Engelsman na die oorlog 'n bajonet aan 'n Boer aangebied het, het die Boer opgemerk: 'What sort of a fool do you take me for when you offer me a bayonet? I can have two of your men down before they can get even a few yards towards me with their bayonets'.[20]

Volgens foto's het die Britse soldate die driekantige bajonet gebruik. Sedert 1853 is hierdie bajonette vervaardig met 'n effense buig weg van die loop af.[21] Die swaard-tipe wat vir die artilleriste bedoel was, word nie vermeld nie en geen bewyse dat dit gebruik is, kan op foto's gevind word nie.

Tydens die Eerste Vryheidsoorlog het die Britse magte 'n vyand ontmoet wat anders oorlog gemaak het as enige vorige vyand. Die bajonet moes noodwendig tydens hierdie oorlog op die agtergrond tree. Wintringham se kommentaar oor die dogmatiese geloof in die bajonet kan reeds op die Eerste Vryheidsoorlog van toepassing gemaak word. 'n Resultaat van hierdie geloof in die bajonet is 'that after every campaign — Norway, France, Crete, Singapore, Libya — newspapers report that British troops complain they can never get at the enemy with cold steel: Of course they cannot, they get killed first.'[22]

Die aandeel wat die bajonet in die Eerste Vryheidsoorlog gehad het, word duidelik wanneer die verloop van die oorlog later kortliks geskets word ten einde die aandag te vestig op die wyse waarop wapentuig gedurende die oorlog aangewend is.

Die Eerste Vryheidsoorlog was by uitstek 'n oorlog wat deur die geweer, en meer bepaald die enkelskoot geweer, bepaal is. Die oorlog kan beskou word as die afsluiting van 'n era in oorlogvoering waarin die doeltreffende gebruik van die geweer die belangrikste faktor was wat die verloop van die stryd bepaal het.

## 2. Artillerie van die Eerste Vryheidsoorlog

Dit is nie die teenwoordigheid van grofgeskut nie, maar eerder die algemene gebrek aan behoorlike grofgeskut wat 'n belangrike uitwerking op die verloop van die Eerste Vryheidsoorlog gehad het. Met die uitsondering van die mag van genl Colley en die paar stukke grofgeskut in Pretoria, het die Britse magte net so 'n tekort aan grofgeskut ondervind as die Boere. Die oorlog kon moontlik heeltemal anders verloop het indien beide kante in hierdie opsig beter toegerus was. Dit is nodig om te onderskei tussen grofgeskut aan Boere kant en grofgeskut aan Britse kant. Aan Britse kant moet die grofgeskut wat na die ZAR onderweg was ook onderskei word van dit wat binne die ZAR was toe die oorlog begin het.

**Artillerie gebruik deur die Boere**

Die gebrek aan geskikte artillerie aan die kant van die Boere was die primêre oorsaak waarom hulle nie 'n enkele Britse fort tot oorgawe kon dwing nie. Die versiende pres Burgers het reeds in 1872 besef dat die ZAR in hierdie opsig dringende stappe moes doen om sy kwesbaarheid te verminder. Deur sy toedoen is daar in 1874 daarin geslaag om 'n transaksie met Duitsland aan te gaan waardeur onder andere 'een battery kanonnen' en 'een mitraileuse' aangekoop is.[23] In 1875 is 'n artilleriekorps vir die ZAR gestig wat bekend gestaan het as 'Battery Dingaan'. Dit het bestaan uit 4 ligte Krupp-kanonne, bergartillerie en die mitrailleuse.[24] Met die anneksasie van die ZAR in 1877 deur Shepstone, het beheer oor die ZAR se artillerie oorgegaan in die hande van die besettingsmag. Van die lede van 'Battery Dingaan' het met die uitbreek van die oorlog vrywillig by die Britse magte

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

aangesluit.[25] (Hierdie lede was nie Boere nie, maar meestal van Duitse afkoms.) Wat vir die Boere oorgebly het, was 'n paar ou skeepskanonne en die Ras-kanon wat deur 'n vindingryke Boer vervaardig is.

**Die Ras-kanonne**

Marthinus Nicolaas Ras het besef dat die Boere die stryd nie kon wen indien hulle nie beter grofgeskut kon bekom nie. Voordat dit gedoen kon word, het die stryd begin en Ras het hom by Potchefstroom bevind waar hy moes help om die Britse garnisoen te beleër. Die enigste grofgeskut waaroor die Boere daar beskik het, was *'ou Grietjie'*[26] (nie die *'ou Grietjie'* wat by Bloedrivier gebruik is nie)[27]. Ten spyte daarvan dat Ras daarin geslaag het om die kanonnetjie sodanig te dokter dat dit nie na elke skoot bollemakiesie geslaan het nie, het Ras besef dat 'n goeie kanon absoluut noodsaaklik was indien die Boere die stryd teen Brittanje wou wen. Verlof is verkry van genl Piet Cronje om binne 8 dae 'n kanon te gaan maak. Ras en sy helpers het na baie dae se aanhoudende geswoeg en sweet daarin geslaag om 'n kanon *'Martienie'* uit waband yster te smee. Die derde poging *'Ras'* is eers na die vredesluiting voltooi en dus nooit aangewend nie.[28] Oor die effektiwiteit van *'Martienie'* is die menings uiteenlopend, soos later sal blyk.

Die feit dat die Britse garnisoene daarin kon slaag om in betreklike swak fortifikasies te skuil tot aan die einde van die oorlog, is te wyte aan die gebrek aan goeie grofgeskut aan Boere kant. Eweneens het die Britse garnisoen ook nie beskik oor ordentlike kanonne wat hulle kon gebruik om die beleëringe te beëindig nie. Die meeste van die ongevalle tydens beleëringe is veroorsaak deur geweervuur. Hoewel artillerie 'n belangrike rol in die oorlog gespeel het, was dit nie die bepalende faktor in die stryd nie.

**Artillerie van die Britse magte**

Omdat die artillerie van die ZAR met die uitbreek van die oorlog deur die Britse magte beheer is, het hulle gevolglik ook beskik oor grofgeskut van nie-Britse oorsprong. Daar word derhalwe hier onderskei tussen die sogenaamde 'Transvaal Artillerie' en Britse artillerie.

**Die Transvaal Artillerie**

Na hierdie artillerie is reeds verwys. Dit het geen noemenswaardige rol gespeel tydens die oorlog nie en word gevolglik ook nie volledig behandel nie. Die *mittrailleuse* verdien egter om weens die besondere geskiedenis daarvan net kortliks in oënskou geneem te word.

Net soos die *Gatling*, sal die *Mittrailleuse* nie



**M.W. Ras by sy kanon 'Martienie'. Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.**

vandag as artillerie geklassifiseer word nie. Omdat hierdie wapens tot aan die begin van hierdie eeu as artillerie beskou is, word dit hier ook in hierdie kategorie behandel.


Die *mittrailleuse* was 'n Franse snelvuur 'kanon' wat beskou kan word as 'n teenvoeter vir die Amerikaanse *Gatling*. Tydens die Frans-Pruisiese Oorlog van 1870 tot 1871 is hierdie masjiengeweer-kanon deur die Franse gebruik.[29] Hierdie wapens was onsuksesvol en die Pruisiese magte het 'n paar van hulle gebuit. Een van hierdie wapens was deel van die besending wapens wat in 1874 deur pres Burgers van Duitsland verkry is. Saam met die ander kanonne wat van Duitsland aangekoop is, is die sware *mittrailleuse* met wa en osse van Delagoabaai af na Pretoria vervoer. Hierdie moeisame tog het die kontrakteur, W. McDonald, altesaam 16 spanne osse gekos om dit net tot by Lydenburg te vervoer.[30] Die *mittrailleuse* is nooit tydens die oorlog gebruik nie, maar het nogtans deel uitgemaak van die grofgeskut wat by die forte in Pretoria opgestel is.

Onder die res van die Transvaal artillerie was 'n 3-ponder *Whitworth*[31] en 'n paar ou skeepskanonne wat eintlik meer gedien het as afskrikmiddels as iets anders.

## Britse Artillerie

Behalwe die artillerie van die ZAR waaroor die Britse magte beheer gehad het, was daar binne die grense van die ZAR net die artillerie van die 'N-Battery, 5th Brigade, Royal Artillery' wat bestaan het uit twee sewe-ponders en vier nege-ponder *Armstrong* kanonne. Twee sewe-ponders en twee negeponders was in Pretoria[32] en twee nege-ponders was in Potchefstroom.[33] Op sy beurt was genl Colley na Pretoria onderweg met nog twee sewe-ponders en vier nege-ponders.[34] By die verskillende fortifikasies het die Britse magte ook beskik oor 'n paar ou skeepskanonne en twee nagemaakte kanonne is ook teen die Boere ingespan. Na hierdie 'kanonne' word later weer verwys.

Wat betref die beskikbaarheid van grofgeskut was die Britse magte beter daaraan toe as die



**Die Mittrailleuse wat tans te besigtig is by die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria.**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Boere. Die Britse bevelvoerders het baie waarde geheg aan hulle artillerie. So het genl Colley byvoorbeeld 'n groot geloof gehad in die gebruik van kanonne. Hy het geglo dat dit 'n demoraliserende uitwerking op die Boere sou hê. Vir hom was een battery kanonne meer werd as verskeie regimente.[35] Die besondere aard en verloop van die oorlog het die uitwerking van die Britse kanonne minder indrukwekkend gemaak as wat Colley verwag het. Die Boere het gou geleer om die kanonvuur te ontduik en die stryd voort te sit, terwyl verwag is dat hulle sou vlug sodra die kanonne losbrand. Die aanwending en uitwerking van kanonne aan beide kante word verder aan beskryf.


*Gatlings*

Genl Colley het ook twee Gatlings gehad as deel van die artillerie waarmee hy na die ZAR onderweg was.[36] Hierdie wapens is in Natal teen die Zoeloes gebruik en kon moontlik in Transvaal ook handig gebruik word, maar dit is egter nooit tydens die stryd ingespan nie.

Die *Gatling* was ook nie 'n kanon nie. Die modelle wat deur Brittanje in sy koloniale oorloë gebruik is, was van die .45 kaliber. Net soos die *mittrailleuse*, is die *Gatlings* ook op 'n onderstel gemonteer en getrek. Daardeur het dit baie van sy beste eienskappe prysgegee en is dit verkeerdelik aangewend.[37] Dit het 'n effektiewe afstand van 400 tot 600 treë gehad.[38] Indien dit beweegliker sou wees, kon dit met goeie gevolge aangewend gewees het as infanterie ondersteuningswapen.

Verskeie spekulasies word gemaak oor die wending wat die Slag van Majuba kon geneem het indien genl Colley een of albei *Gatlings* bo-op die berg sou gehad het. Die feit bly egter staan dat die *Gatling*, ten spyte van die verstommende moontlikhede daarvan vir daardie tyd, nie gedurende die Eerste Vryheidsoorlog gebruik is nie.

Onderstaande foto is 'n voorbeeld van 'n *Gatling* soos dié wat in Suid-Afrika gebruik is.



**'n Gatling soos in Suid-Afrika gebruik.**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

'n Ander interessante verskynsel is die gebruik van *vuurpyle* gedurende die Eerste Vryheidsoorlog. Hierdie indrukwekkende wapen is vir die eerste keer gebruik tydens die Napoleontiese oorloë. Dit kan as voorloper van die moderne mortier beskou word. Genl Colley het drie vuurpylrigters as deel van sy artillerie saamgeneem toe hy na die ZAR opgeruk het. Hierdie vuurpyle is as toevoeging tot die Britse artillerie beskou. Genl Colley het gesien hoe hierdie 'novel engines of war' in China gebruik is teen die Ashanti. Hy het gehoop dat dit 'n sielkundige uitwerking op die Boere sou hê en veral sou sorg daarvoor dat hulle perde omspring.[39] Hoe effektief hierdie wapens tydens die oorlog was, kan afgelei word wanneer die gebruik daarvan tydens die oorlog in oënskou geneem word. Die opmerking van Lehmann in hierdie verband is 'n redelik getroue opsomming van die effektiwiteit van die vuurpyle gedurende die stryd wanneer hy skryf: '. . .these missiles were more spectacular than effective'.[40]

## 3. Die aanwending van krygstuig vir die Eerste Vryheidsoorlog

Daar is in die voorafgaande gedeelte verwys na die wapentuig wat gedurende die Eerste Vryheidsoorlog gebruik is. Dit is ook noodsaaklik dat daar gekyk sal word na *hoe* hierdie wapens deur die onderskeie magte gebruik is tydens die oorlog. Daardeur word dit moontlik om vas te stel waarom die oorlog uitgeloop het op 'n triomf vir die ongeordende Boere magte, terwyl dit vir die magtige Brittanje 'n katastrofiese nederlaag beteken het. Hoewel die chronologiese verloop van die oorlog min of meer gevolg word, is dit noodsaaklik om te onderskei tussen die *veldslae* en die verskillende *beleëringe*.

### Die gebruik van wapentuig tydens die veldslae

Die eerste ernstige botsing tussen die Boere en die Britse magte het plaasgevind by Bronkhorstspruit. Hierdie slag was vir die Boere, wat in daardie stadium 'n groot gebrek aan ammunisie ondervind het, van baie groot betekenis. Altesaam 30 000 rondtes ammunisie is hier gebuit. Daar is bereken dat die Boere met die aanvang van die oorlog slegs oor 15 rondtes per man beskik het. 'n Interessante besprekingspunt wat hier ontstaan is die feit dat die Britse troepe uitsluitlik van Martini-Henry gewere gebruik gemaak het, terwyl daar reeds daarop gewys is dat die mees algemene geweer onder die Boere die Westley Richards was. Die vraag kan dus gestel word of die vonds vir al die Boere van ewe groot betekenis was of net vir die eienaars van Martini's? Was daar moontlik juis aan hierdie ammunisie 'n groot tekort wat toe aangevul is?

Die veldslag self is nie hier ter sprake nie, maar dit het egter 'n belangrike uitwerking op die verloop van die stryd gehad. Die ontsetting van die Britse fortifikasies buite Pretoria het daardeur 'n onmoontlike taak geword sonder hulp van buite die ZAR. Die groot lewensverlies aan Britse kant het die siening van die Boer as opponent aanmerklik verander. Die Britse soldate was toe terdeë bewus van die besondere skietvernuf van die Boere. Dit is na die slag vasgestel dat die gesneuwelde Britse soldate gemiddeld vyf keer per man getref is. Een is selfs nege keer getref.[41] Dit is interessant om daarop te let dat 'n inspeksie van die Britse soldate se gewere na die tyd getoon het dat die meeste visiere op 500 tree gestel was. (Dieselfde sou na die Slag van Majuba bevind word.)

Die geveg by Laing's Nek is van besondere betekenis in soverre dit die gebruik van wapens betref. Alle tipe wapens aan Britse kant, met uitsondering van die Gatlings, is in hierdie slag gebruik.

Genl Colley het besef dat die vyand 'n geweldige voordeel gehad het deurdat hulle beskik het oor berede infanteriste wat boonop uitstekende skerpskutters was. Hy wou gevolglik die geveg laat uitloop op 'n trompop geveg. Die Boere was nie gewoond daaraan om trompop te veg nie en was ook nie daarvoor bewapen nie. Genl Colley het derhalwe swaarde uitgereik aan sy manskappe.[42] Om te probeer om die afstand tussen die twee magte vinniger te oorbrug, het hy besluit om infanteriste as kavalleriste te gebruik. Verder het hy vertrou op die kanonne en die vuurpyle om sy soldate die geleentheid te bied om die vyand se stellings te bereik sodat die swaard en die bajonet ingespan kon word.

Die geveg is begin deur 'n bombardement van ongeveer twintig minute. Die kanonvuur was redelik gerig en het nogal die lewe vir die Boere ongemaklik gemaak. Omdat die vyand egter te wyd verspreid gelê het, kon die

kanonne nie veel skade aanrig nie. Die gebruik van twee vuurpyle het sommige van die Boere uit hulle stellings gedwing.[43] Hulle het egter net 'n ent verder weg skuiling gesoek en die geveg hervat. Op hulle beurt het die Boere gebruik gemaak van twee ligte kanonne, waarvan een 'n ou geelkoper skeepskanon was. Een van die kanonne was baie onbetroubaar en het elke keer in die lug gespring wanneer dit afgevuur is.[44] Terwyl die bombardement plaasgevind het, het die Britse soldate die nek bestorm. Hulle was totaal onbeskut en 'n oop teiken vir die Boere wat hulle een na die ander buite aksie gestel het. Die Boere het hulself deeglik verskans agter rotse en dit feitlik onmoontlik gemaak vir die Engelse om hulle raak te skiet. Namate die afstand tussen die twee magte gekrimp het, het dit al hoe gevaarliker begin word vir die Britse artillerie om dekkingsvuur te lewer sonder om hulle eie mense te tref. Toe die oorblywende soldate skaars 30 tot 40 tree van die Boere af was, het kol Deane besef dat hulle niks met hulle gewere sou uitrig nie en 'n bajonetstormloop beveel. Terwyl die stormloop plaasgevind het, het die Britse offisiere hulle rewolwers leeggemaak op die vyand. Die Boere het in hierdie stadium egter so vinnig dood en verwoesting gesaai dat dit duidelik was dat die bajonetstormloop ook nie sou slaag nie.[45] Slegs een Britse soldaat het daarin geslaag om tussen die Boere in te beweeg en met sy rewolwer een Boer te dood en een te wond voordat hyself gesterf het.[46] Die oorblywende soldate het besluit om terug te val. Dit het die Boere die geleentheid gebied om uit hulle skuilings te kom en die vlugtende soldate af te maai. In 'n poging om opnuut dekkingsvuur te lewer, het die Britse artillerie 'n paar van hulle eie manne gedood.[47]

Net soos Bronkhorstspruit was die nederlaag by Laingsnek 'n geweldige terugslag vir die Britse magte. Die wye front waarteen die Britse troepe moes veg en die dodelik akkurate vuur van die Boere het die poging om die nek te bestorm laat misluk. Die Britse troepe kon net nie daarin slaag om die Boerelinie binne te dring nie. Selfs die artillerie waarop genl Colley so vertrou het, het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Ook die eksperiment om berede infanteriste te gebruik het nie geslaag nie. Genl Colley het erken dat die gebrek aan goeie berede troepe baie sterk teen hulle getel het.[48] Die Boere is bevoordeel deur die hoër ligging van hulle stellings en die feit dat hulle skuins na onder kon vuur op 'n vyand wat oop en bloot in 'n min of meer vaste formasie beweeg het. Indien die Boere egter nie so akkuraat geskiet het nie, kon die Britse troepe moontlik die bajonet ingespan het, maar die vyand waarmee die Britse troepe hier slaagsgeraak het se onortodokse krygstaktiek en meesterlike hantering van hulle wapens het een te veel geblyk te wees vir die Britse gevegsdril.

Die tweede ramp wat die mag van genl Colley getref het, was die geveg by Ingogo. Hy wou die toevoer van voorrade en versterkings uit Natal verseker en het daarvoor grootliks vertrou op die vier kanonne waaroor hy beskik het. Hierdie kanonne het hy op strategiese plekke geplaas waarvandaan hy die omgewing en die vallei van die Ingogo kon beheer.[49] Die Boere het op hulle beurt hierdie glinsterende kanonne met begerige oë aanskou. Dit was immers die enigste gebied waarop hulle 'n agterstand gehad het. Indien hulle die kanonne in die hande kon kry, kon hulle korte mette maak met die Britse fortifikasies.

Tot in hierdie stadium het die Boere 'n heilige vrees gehad vir die Britse kanonne. Volgens hulle het die Britse magte op hulle kanonne vertrou asof dit gode was. Die verloop van hierdie geveg het daarvoor gesorg dat hulle baie van hulle vrees vir die kanonne verloor het. Baie gou het hulle 'n manier gevind om die kanonvuur te ontduik. Sodra 'n kanon afgevuur is, het die Boere vorentoe gehardloop om skuiling te vind en sodoende is die koeël verhoed om skade aan te rig. So doeltreffend was hierdie taktiek dat net een Boer deur kanonvuur gedood is.[50] Die eerste paar skote van die Britse kanonne was gewoonlik ver oor die stellings van die Boere. Sodra 'n kanon afgevuur is, het die skerpskutters op die artilleriste gekonsentreer en die een na die ander dodelik getref of buite aksie gestel.

Ook hier wou genl Colley berede infanteriste gebruik om die Boere se stellings te bereik. Voordat die bevel om te storm gegee kon word, het 'n moordende sarsie van die Boere die meeste van die perde platgeskiet. (Daar is doelbewus na die perde geskiet om te probeer verhoed dat hulle later gebruik kon word om die kanonne te verwyder.) Die troepe is gedwing om inderhaas skuiling te soek agter klippe wat skaars groot genoeg was om vir een man skuiling te bied. Die artilleriste het geen skuiling gehad nie en is die swaarste getref.

Nogtans het hulle onder die moeilikste omstandighede dapper voortgegaan om die kanonne te beman. Omstandighede kon vir enige kanonnier nouliks moeiliker gewees het [51] So hewig was die bombardement wat volgehou is dat die ammunisie vinniger minder geword het. Weens 'n tekort aan bemanning is die kanonne later na meer beskutte stellings geneem.

Toe 'n groep Boere op een stadium slegs sowat 60 tree van die Britse magte af was, het sersant-majoor Wilkens aangebied om 'n bajonetstormloop te lei. Genl Colley het egter by Laingsnek ondervind hoedat die troepe verhinder is om naby die vyand te kom. Sonder twyfel wou hy nie weer dieselfde risiko loop nie. Hy het besef dat die Boere se vuur te dodelik is en dat omstandighede vir 'n bajonetstormloop nie geskik was nie.[52]

Teen sononder het die Boere met mening aangeval. Die Britse magte het in daardie stadium byna die laaste van die oorblywende 239 kanonkoeëls gebruik om die stormloop te keer. Teen nege-uur het hulle feitlik geen ammunisie meer gehad nie. Genl Colley het die surplus gewere en paar oorblywende kanonkoeëls laat vernietig en bevel gegee dat daar teruggeval moet word.[53] Met baie moeite het hulle daarin geslaag om die kanonne deur die rivier te kry en daardeur verhoed dat dit in die hande van die Boere val. Die Boere was oortuig daarvan dat hulle al die perde doodgeskiet het en dat dit onmoontlik sou wees vir die Engelse om die kanonne te verwyder. Toe hulle die volgende oggend agterkom dat dit wel die geval was, kon hulle hulle teleurstelling nie verberg nie. Daar is lank geglo dat die kanonne deur die Britse troepe in die rivier gegooi is.

Wanneer die geveg in oënskou geneem word, is dit byna ongelooflik dat net een burger deur kanonvuur gedood is. Wat egter in die Boere se guns getel het, was dat die terrein so ongelyk was dat hulle voldoende skuiling kon vind om hulle teen die kanonkoeëls se skerwe te beskerm. Na hierdie geveg was hulle vrees vir die Britse kanonne nie meer so erg nie.

Die besondere skietvernuf van die Boere word baie duidelik wanneer die verskillende kommentare op die geveg nagegaan word. Nixon berig as volg: 'As usually they fired well, while our men fired wildly', en verder: 'Their close, well-aimed fire kept our men penned under shelter of the rocks, and it was dangerous to show any part of the body'.[54] Baie van die Boere het geensins beter skuiling gehad as hulle vyand nie, soos Carter dan ook vermeld: '. . . and they, it is true, could not boast much better shelter than could our men'.[55] Hy beweer egter dat die Britse troepe teen die horison uitgestaan het en dat hulle gevolglik beter teikens gevorm het vir die Boere. Carter ontken egter nie dat die Boere baie goed geskiet het nie en noem een geval waar 'n Britse soldaat van posisie wou verander. Toe sy voet vashaak, is dit twee keer raakgeskiet voordat hy dit kon loskry. Hy het die volgende kommentaar te lewer op die skietkuns van die Boere: 'From the bullet marks on the face of the boulders which sheltered our men, the only conclusion one could come to was that here, as elsewhere, the fire of the enemy had been perfection — if perfection it can be called with such intent'.[56] Carter het na die geveg die slagveld besoek en volgens hom het hy feitlik net die papier doppies van die Westley Richards patroon gekry. Waar Majuba ook roem verwerf het vir die Majuba-tipe Martini-Henry, kan Ingogo dien as getuigskrif vir die effektiwiteit van die Westley Richards, hoewel die aandeel van hierdie geweer tydens die Slag van Majuba nie minder indrukwekkend was nie.

Die geveg by Ingogo was nie net 'n verdere terugslag vir die Britse Ryk nie, maar ook 'n persoonlike slag vir genl Colley.

Daar het na hierdie nederlaag by hom 'n obsessie ontstaan om die nederlae teen die Boere te wreek en die prestige van die Britse magte te herstel. Ook sy aansien as bevelvoerder was op die spel. Die vredesonderhandelinge wat aan die gang was, het die begeerte van genl Colley om die bordjies te verhang glad nie gepas nie.[57] Sy poging om beheer oor die nek te verkry deur Majuba te bestyg, was nie alleen 'n verbreking van die ooreenkoms tussen hom en Sir Evelyn Wood nie,[58] maar ook 'n verbreking van die wapenstilstand ten tye van die onderhandelinge. Nie alleen sou hierdie optrede sy mislukkings verder onderstreep nie, maar die dapper generaal sou self daarvoor die hoogste offer betaal.

Die Slag van Amajuba was die hoogtepunt van die Eerste Vryheidsoorlog. Vir sovere dit die gebruik van wapens betref, het die slag egter

nie veel hoogtepunte opgelewer nie. Enkele interessante aspekte verdien nietemin verdere bespreking.

Die troepe wat uitgesoek is om die berg te beset, is uitgereik met 70 skote ammunisie per man. Geen ondersteuningswapens is saamgeneem nie. Die mening is uitgespreek dat dit moontlik was om ten minste een van die Gatlings en die vuurpylrigters saam te neem toe die berg beset is. Die vuurpyle sou na bewering veral doeltreffend gebruik kon word om die Boere se stellings van die berg af te bestook. Dit kon moontlik die geval gewees het, maar dit moet onthou word dat die generaal se bedoeling was om so lig moontlik te beweeg. As verder in ag geneem word dat die berg gedurende die nag en met veel gesukkel bestyg is, is dit te bevraagteken of die vuurpyle en die Gatling saamgeneem kon word. Moontlik was dit die bedoeling van genl Colley om gedurende die dag en onder dekking van die troepe op die berg, die vuurpyle te laat opbring. Veronderstel dat 'n Gatling wel met groot gesukkel bo-op die berg gebring kon word, is dit te betwyfel of dit effektief gebruik sou kon word. In die eerste instansie was die Gatling by uitstek bedoel om 'n massastormloop te stuit. Die Boere het wyd versprei en van skuiling tot skuiling beweeg terwyl hulle die berg bestorm het. Verder moet in ag geneem word dat die Gatling op so 'n wyse opgestel sou moes word dat dit afwaarts op die vyand sou kon vuur. Dit sou noodwendig meebring dat die bemanning daarvan duidelike teikens teen die hemelruim sou vorm. As in ag geneem word hoe akkuraat die Boere tydens die vorige skermutselings geskiet het, is dit te betwyfel of enige bemanningslid baie lank sy posisie agter hierdie wapen sou kon inneem voordat hy deur 'n goedgemikte koeël getref sou word. Genl Colley het as ervare soldaat seker ook hierdie moontlikhede deurdink voordat hy besluit het om sonder die Gatling klaar te kom. Moontlik is hy in sy besluit gesterk deur sy aanname dat die Boere dit nie sou waag om die berg te bestorm nie.

Ook in hierdie geveg het die Boere hulleself onderskei as besondere skuts. Die trefafstand van die Westley Richards is aangegee as 600 tree en dié van die Martini-Henry as 1 000 tree. Volgens die skatting gemaak deur luitenant-kolonel Stewart is kommandeur Romily op 'n afstand van 900 tree geskiet net nadat hy opgemerk het: 'See! There's a man who looks as if he were going to try and shoot us'.[59]

Dit is interessant dat die Westley Richards-tipe Martini-Henry na hierdie geveg bekend gestaan het as die 'Majuba-tipe'. Dit mag derhalwe voorkom asof hierdie wapen die belangrikste aandeel in die oorwinning gehad het. Wanneer foto's van Boere-offisiere bestudeer word, is dit duidelik dat die meeste van hulle hierdie wapen gebruik het. Dat die Westley Richards net so 'n belangrike aandeel in die stryd gehad het, kan nie betwyfel word nie. Dit was grootliks dieselfde burgers wat by Ingogo geveg het en waarna Carter opgemerk het dat daar feitlik net papier doppies van die Westley Richards patrone gevind is waar die burgers gelê het. Lehmann verwys in hierdie opsig as volg na die wapens van die Boere: 'Employing chiefly the very fine breech-loading Westley-Richards — . . . they made it exceedingly dangerous for the British to expose themselves on the skyline'.[60]

Nog 'n interessante verskynsel word beskryf toe die Boere skaars 40 tree van die Britse mag af was: Carter beweer dat die meeste van die aanvallers in daardie stadium hulle gewere op die rand van die gelyk grond gehou het en die snellers getrek het so vinnig as hulle kon laai. Net die lope van die gewere kon voor hulle gesien word. Volgens hom het die Boere in daardie stadium nie meer akkuraat geskiet nie. Die meeste Boere het toe te laag geskiet, moontlik weens die feit dat hulle nie behoorlik kon korrelvat nie. Die wilde en onakkurate vuur waarna Carter hier verwys, was egter net van toepassing op dié groepie Boere wat in daardie stadium so naby aan die Engelse was dat hulle nie anders kon nie. McBean het na die geveg opgemerk dat al die gewondes in die kop getref is, sommige soveel as vyf keer. Ook dr Crows het bereken dat die gesneuweldes gemiddeld vyf keer getref is.[62] Daarteenoor kon die Britse soldate nie baie goed geskiet het as aanvaar word dat hulle 'n paar duisend rondes weggeskiet het en slegs twee burgers kon dood nie.[63] Net soos by Bronkhorstspruit is daar vasgestel dat baie van die Britse soldate hulle gewere se visiere op 500 tree ingestel gehou het. In die hitte van die stryd is daar waarskynlik vergeet dat die visiere ingestel is toe die vyand nog baie ver van hulle af was.

Daar word ook heelwat gespekuleer oor die feit dat genl Colley nie 'n bajonetstormloop

toegelaat het toe die Boere ongeveer 40 tree van hulle af was nie. Nixon berig hieroor as volg: 'An order was given to fix bayonets, but no charge was made. If it had been, the Boers would probably have run, and the day might have been saved'.[64] Carter, wat die geveg belewe het, is van mening dat, hoewel die Boere se eerste sarsie groot skade sou aanrig, die Britse soldate van die laagte waardeur hulle sou moes gaan gebruik kon maak om die Boere te bereik terwyl hulle herlaai.[65] Nogtans is die bevel om te storm nie gegee nie, hoewel die troepe beveel is om bajonette aan te sit. Volgens Lehmann het sowel genl Colley as majoor Hay die stormloop as onprakties beskou.[66] Genl Colley het in hierdie verband aan luitenant Hamilton gesê: 'Wait till the Boers come accross the open and we will give them a volley first and charge afterwards'.[67] Majoor Hay was van mening dat, indien die Boere nie vorentoe sou storm nie, dit moeilik sou wees om vas te stel in watter rigting die stormloop moes plaasvind. Dit is later geargumenteer dat die morele uitwerking van 'n bajonetstormloop genoegsaam sou wees om die bevel te regverdig. Hieroor spreek Lehmann die volgende mening uit: 'It is difficult to imagine what moral effect would have been gained from charging with a small broken line of men against the well-directed fire of an unseen enemy in superior numbers'.[68] Die kommentaar van veldkornet Roos in hierdie opsig is insiggewend. Hy het na die geveg erken dat hy bang was dat die Engelse 'n bajonetstormloop sou uitvoer op sy groep van ongeveer veertig-vyftig manne.[69] Dat die Boere dus wel 'n bajonetstormloop gevrees het, is seker, maar om te beweer dat dit die dag vir die Britse mag sou red, is vloot spekulasie. Dit is onmoontlik om te bepaal wat die reaksie van die Boere sou wees op 'n bajonetstormloop, veral as in ag geneem word dat hulle reeds die oorwinning in sig gehad het en op hulle beurt weer deur 'n dodelike eerste sarsie 'n demoraliserende uitwerking sou gehad het op die aanstormende vyand. In daardie stadium was die moreel van die Britse troepe reeds laag, terwyl dié van die Boere baie hoog was. Die feit bly staan dat die bajonet in hierdie geveg nie gebruik is nie en dat die verdedigers kort daarna alle weerstand laat vaar en blindelings gevlug het.

Die Slag van Majuba was die derde agtereenvolgende nederlaag van die Britse mag onder bevel van genl Colley. Dit het nie alleen 'n einde gemaak aan die Eerste Vryheidsoorlog nie, maar ook aan die lewe van 'n dapper Britse generaal wat sy lewe geoffer het vir die prestige van sy vaderland.

**Die gebruik van wapentuig gedurende die beleëringe van Britse fortifikasie**

Verskeie interessante gegewens tree navore wanneer die beleëringe van die Britse fortifikasies bestudeer word. Eerder as om elke beleg afsonderlik in oënskou te neem, word hierdie faset van die oorlog behandel aan die hand van sekere uitstaande gebeure wat aansluit by die tema van hierdie studie. In 'n paar gevalle is dit eerder die gebrek aan behoorlike wapentuig wat gelei het tot voorvalle en besondere vernuftigheid wat uitgelig word.

By verskeie fortifikasies is dinamiet baie doeltreffend gebruik deur die beleërdes om te dien as afskrikmiddel teen moontlike aanvalle deur die Boere. Tydens die beleg van Pretoria is byvoorbeeld voorgegee dat dinamiet onder sommige geboue en in belangrike toevoerroetes geplaas is. Kennisgewings is oral aangebring om mense te waarsku om nie te naby aan sekere plekke te beweeg nie. Die meeste van hierdie dinamiet was blote versinsel. Nogtans het dit die gewenste uitwerking gehad, want die Boere het nooit nader gekom as die buitewyke van die dorp nie.[70] Nadat die Britse troepe teruggeval het by Springhaasfontein, het die burgers 'n gevaarlike myn-tipe wapen onder die grond uitgehaal wat, gelukkig vir hulle, nie ontplof het nie.[71]. Ook tydens die beleg van Lydenburg het die garnisoen by verskeie geleenthede gebruik gemaak van mynvelde en selfs van 'handgrenate'*.[72] By ander fortifikasies is dinamiet gebruik om die terrein rondom te 'myn'. Die Boere het na die oorlog bevestig dat hulle nie die fort by Wakkerstroom probeer storm het nie, omdat hulle bang was vir die dinamiet.[73]

Tydens twee van die aanvalle wat deur die garnisoen van Pretoria gemaak is op die Boere-laers in die omgewing, is gebruik gemaak van vuurpyle. Hoe effektief dit was, word nie genoem nie. Vuurpyle is gebruik teen die sowat 70 burgers by Mundt Poort tydens een van die skermutselinge, asook later by Elandsfontein.[74]

**Grofgeskut binne die grense van die ZAR.**

Dit is noodsaaklik dat die posisie ten opsigte

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

van elke fort kortliks geskets word wanneer die gebruik van grofgeskut tydens die beleëringe behandel word.

Tydens die beleg van Pretoria is die sogenaamde 'Transvaal Artillery' gebruik om die verskillende forte te versterk. Die Britse kanonne is by verskillende geleenthede met 'n wisselende mate van sukses gebruik. Die besit van hierdie kanonne het nietemin daarvoor gesorg dat Pretoria nie tydens die beleg aangeval is nie. By Rooihuiskraal het twee van die kanonne byna in die hande van die Boere beland, maar die optrede van 'n groepie vrywilligers het dit verhoed.[75] Die taktiek van die Boere om vorentoe te hardloop wanneer die kanonne afgevuur is, is ook hier toegepas. Hierdie praktyk is redelik algemeen toegepas.

Die Britse garnisoen by Potchefstroom het beskik oor twee nege-ponder *Armstrongkanonne* van die N-battery en 105 gewere.[76] Die kanonne is egter net aan die een kant van die fort opgestel, met die gevolg dat die aanvalle van die teenoorgestelde kant slegs met geweervuur beantwoord kon word.[77] Met hierdie twee kanonne is daar daarin geslaag om die beleërders op 'n redelike afstand van die fort te hou. Die grootste verdienste daarvan was egter dat die eenvoudige skeepskanonne van die Boere daardeur verhoed is om ernstige skade aan te rig. Die Britse kanonne het buite die fort gestaan en het gevolglik kwaai deurgeloop onder die geweervuur van die Boere. Nadat die beleg beëindig is, was daar nie 'n enkele deel van die kanonne wat nie deur een of meer koeëls getref is nie. Toe die garnisoen oorgegee het, is ooreengekom dat alle gewere en ammunisie uitgelewer moes word. Die kanonne is uitgesluit, maar die 25 koeëls wat oorgebly het, moes aan pres Brand gelewer word.[78]

Die gebruik van grofgeskut deur die Boere om te probeer om die beleg van Potchefstroom te beëindig, verdien spesiale melding. Loopgrawe is rondom die fort gegrawe waarvandaan die Boere die fort met geweervuur bestook het. In 'n poging om die magasyn te vernietig, is 'n ou skeepskanon ingespan. Nixon beweer dat hierdie kanon voor die oorlog gebruik is om die saluut af te vuur by geleentheid van die Koningin se verjaardag.[79] Hierdie 'ou Grietjie', waarna vroeër verwys is, is voortdurend rondgeskuif om uit die pad van die Britse kanonne te bly. Dit word genoem hoedat hierdie kanon se eerste pogings deur die garnisoen begroet is met 'ironical cheers and laughter'.[80] Dat die kanon wel 'n bekommernis vir die garnisoen was, is verseker. Binne twee dae het dit 150 skote (3 pond loodkoeëls) afgevuur en dit vanaf tot so ver as 1 000 tree. Altesaam 3 persone binne die fort is daardeur gedood.[81] Die mure van die fort is vier keer gepenetreer, maar dit is verhoed om verder skade aan te rig toe dit tydelik buite aksie gestel is deur een van die Britse kanonne. Op 29 Januarie het die kanon weer opnuut losgebrand op die fort. Tot die garnisoen se verbasing kon hulle kanonnier hierdie keer nie die klein kanonnetjie stilmaak nie. Eers na die oorlog sou hulle vasstel dat die kanon agter 'n huis gelaai is wat vol sandsakke gepak is. Elke keer as dit afgevuur moes word, is dit agter die huis uitgesleep. Dik bosse aan weerskante van die huis het die Engelse verhoed om te sien wat aangaan.

By Standerton het nóg die Boere nóg die garnisoen oor enige grofgeskut beskik. Om die vyand af te skrik, het majoor Montaque gelas dat 'n kanon nagemaak moes word. Hierdie 'kanon' is uit greinhoutplanke vervaardig, swart geverf en op wa-wiele gemonteer. Om die indruk te skep dat dit werklik was, is 'n paar gewere onder die romp vasgemaak. Daar is woes tekere gegaan om die kanon te laai en wanneer dit moes vuur, is die gewere gelyktydig afgetrek met behulp van 'n tou wat aan die snellers verbind was. Die namaaksel was so effektief dat die Boere elke keer hakskene gewys het wanneer dit gereed gemaak is om te vuur.[82] Na die oorlog was die Boere hewig ontstoke toe hulle uitvind hulle is gefop.[83]

By Lydenburg het die Boere twee klein skeepskanonne gehad, terwyl die garnisoen net gewere gehad het om hulself mee te verdedig.[84] 'n Brit, ene Barclay, is deur die Boere gedwing om koeëls te maak vir hulle kanonne.[86] Vanaf die 12de Januarie is die twee skeepskanonne met goeie gevolg teen die fort gebruik. Die kanonne is op 'n afstand van 1 000 tree opgestel en het die verdedigers baie hoofbrekens besorg. Die koeëls van ongeveer 6 tot 7 pond het die verskansing van die verdedigers voortdurend beskadig. Om die gate toe te stop, is sandsakke gebruik.

Die beleërdes sowel as die beleërders het by Lydenburg besondere vindingrykheid openbaar. Om hulle kanon te beskerm, het die

Boere 'n 50 mm staalplaat voor die kanon aangebring. Wanneer die kanon gereed was om te vuur, is die valplaat, wat skynbaar aan skarniere gehang het, opgelig om die kanon uit te bring. Die verdedigers van die fort het egter hierdie valplaat gedurig dopgehou en sodra dit opgelig is, is dit met geweervuur bestook. Daardeur is die Boere verhinder om die kanon gereeld te gebruik en is dit slegs met lang tussenposes afgevuur.

Op hulle beurt het die *Army Service Corps* 'n klein kanonnetjie vervaardig wat ronde koeëls van 2 pond 6 onse gebruik het. Dit is vir die eerste keer op 1 Februarie gebruik en het baie goed gewerk. So vinnig as wat koeëls gemaak kon word, is die huise en posisies waarin die Boere hulle bevind het daarmee bestook.

Twee ander interessante aspekte tydens die beleg van Lydenburg moet ook vermeld word. Die Boere het hier hoofsaaklik gebruik gemaak van Martini-Henry gewere — skynbaar van die gewere en ammunisie wat by Bronkhorstspruit gebuit is.[86] 'n Ander buitengewone 'wapen' wat hier gebruik is en wat toegeskryf is aan Aylward (deur die Britte as 'n renegaat beskou), was die gebruik van 'Greek fire'. Brandende pyle is, oënskynlik, met behulp van boë op die grasdakke van die fort se geboue gevuur. Dit het baie gesukkel gekos om die vuur te blus. Om hierdie voorvalle te voorkom, is die grasdakke verwyder en dit het later groot ongerief veroorsaak toe dit begin reën het.[87]

Net soos by Lydenburg het die garnisoen by Rustenburg ook geen grofgeskut gehad nie. Die boere het hier beskik oor Ras se 'Martienie' waarna daar vroeër verwys is. Op die verdedigers het hierdie kanon nie veel indruk gemaak nie. Die kanon het blykbaar probleme opgelewer om te laai wanneer dit warm geword het. Sodra dit gebeur het, het die garnisoen vanuit die fort losgebrand.[88] Hierdie kanon is aanvanklik aangewend oor 'n afstand van 2 000 tree, daarna is dit nader gebring tot op 800 tree en omdat dit steeds nie effektief was nie, is dit uiteindelik op 600 tree opgestel. Dit het die garnisoen in staat gestel om met geweervuur die gebruik daarvan te bemoeilik.[89] Dat die kanon nie baie suksesvol kon gewees het nie, kan afgelei word uit die feit dat uit die 34 skote wat op 9 Januarie geskiet is, slegs 4 effektief was.[90] Soos reeds genoem, kan die bewering dat 'Martienie' gehelp het om die garnisoen by Rustenburg tot oorgawe te dwing nie as korrek beskou word nie.

By Marabastad het ook net die Boere oor grofgeskut beskik. Twee klein skeepskanonne is gevind in die huis van kaptein Dahl, die Naturelle Kommissaris vir Soutpansberg.[91] Koeëls is daarvoor gemaak van metaal wat geneem is van die Sterling Gold Mining Company. Hierdie kanonne is met baie goeie gevolg gebruik. Selfs vanaf 1 000 tree het dit nog die kol getref. Kapt Brooke is byvoorbeeld daardeur verdryf vanaf die koppie aan die agterkant van die fort. Die Boere het egter nie die koppie beset nie, waarskynlik omdat hulle bang was dat daar mynvelde gelê was. Indien hulle die koppie sou beset het, sou dit maar sleg gegaan het met die klein Britse garnisoen.[92]

In Wakkerstroom het die Britse garnisoen die kerkgebou gebruik om as fort te dien. Voor die fort is 'n ou Howitzer skeepskanon geplaas wat op die onderstel van 'n waterkar gemonteer is. Hoewel dit nie van veel waarde was nie, is nogtans gehoop dat dit ten minste sou help om die Boere af te skrik.[93]

Waar die Boere hulself onderskei het tydens die paar veldslae wat plaasgevind het, het die Britse garnisoen hulself onderskei tydens die verskillende beleëringe. Dit het moed en deursettingsvermoë geverg om onder uiters moeilike omstandighede weerstand te bied tot die bitter einde. Die gedissiplineerdheid van die Britse soldaat het hier 'n groot rol gespeel. Die beleëringe het 'n groot aantal burgers verhoed om aan te sluit by die mag wat die opmars van genl Colley moes keer.

Die noodsaaklikheid van behoorlike grofgeskut is na die oorlog deur beide magte baie deeglik besef. Die ZAR het na die oorlog baie aandag en geld bestee aan die daarstelling van behoorlike grofgeskut. As gelet word op die grofgeskut wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog na Suid-Afrika gebring is, is dit duidelik dat Brittanje ook 'n les geleer het uit die Eerste Vryheidsoorlog.

### Die gebruik van die bajonet in die oorlog

Met die Boere reeds sowat 250 tree van die fort af, moes die garnisoen by Potchefstroom iets doen om die situasie te red. Luitenant Hay het gevolglik met tien man die klompie Boere in die loopgraaf met bajonette bestorm.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Hoewel net 'n paar Boere gewond is, het dit nietemin die gewenste uitwerking gehad. Dit was die eerste bajonetstormloop van die ooglog. Die optrede van luitenant Hay verdien hier besondere vermelding. In plaas daarvan dat die enkele Boere wat in die loopgraaf oorgebly het, gedood is, het hy begin om die gewondes te verpleeg. Sy manskappe het sy voorbeeld gevolg en nie een van die gewonde burgers gedood nie.[94]

Ook by Pretoria is die bajonet teen die Boere ingespan. Onder bevel van kolonel Gildea is daar tydens een van die skermutselings by Swartkop 'n bajonetaanval gemaak. Dit het gelei tot die oorgawe van 'n aantal burgers.

Wanneer die Britse troepe naby genoeg aan die Boere was, het hulle sukses behaal met die bajonet, maar tydens die veldslae is hulle verhoed om so naby te kom dat hulle hierdie gevreesde wapen kon gebruik. Die enkele keer dat dit by Laingsnek gebruik is, het rampspoedige gevolge gehad. Soos reeds genoem, het hierdie mislukte optrede moontlik daartoe bygedra dat genl Colley die bajonet nie weer gebruik het nie.

## Interessanthede omtrent die besondere gebruik van wapens gedurende die oorlog

Die Boere het hulle in hierdie oorlog onderskei as skerpskutters by uitnemendheid. Nie alleen het hulle besondere skietvernuf die onderskeie veldslae vir hulle gewen nie, maar ook by die Britse fortifikasies het hulle die lewe vir die garnisoene moeilik gemaak. Een geval verdien verdere aandag:

Tydens die beleg van Wakkerstroom het 'n burger stelling ingeneem op 'n heuwel waarvan die afstand later deur die Engelse vasgestel is as presies 2 100 tree van die fort af. Sy besondere skietvernuf het die garnisoen verstom. Om hierdie man se skietkuns te toets, het hulle 'n helmet aan 'n spyker teen 'n deur opgehang as teiken. Elke keer is die helmet afgeskiet. Die verste wat hy van die kol af was, was 30 cm.[95] Dieselfde speletjie is by Potchefstroom gespeel. Daar is die helmet op 'n geweer gehou en dan bo die muur van die fort uitgesteek. Onmiddellik as dit verskyn het, is dit getref. Dit het die klompie in die fort laat besef hoe gevaarlik dit was om maar net 'n deel van die liggaam te laat uitsteek.[96]

Iets wat die garnisoen nie kon verstaan nie, was dat die Boere snags so akkuraat kon skiet. Later het hulle agtergekom dat die Boere hulle gewere voor die tyd instel op die regte hoogte om dan snags vanuit hierdie posisies op die fort te skiet.[97]

By Potchefstroom het die Boere ook vernuf aan die dag gelê wat deur die verdedigers as baie effektief bestempel is. Om hulle loopgrawe nader en nader aan die fort te bring, is afgekapte boomstamme dmv beitels voorsien van skietgate. Hierdie kort stompe is dan op die kante van die loopgrawe opgestel om as skanse te dien en is elke keer net vorentoe geskuif om plek te maak vir die grawers.[98]

Die Eerste Vryheidsoorlog kan met reg beskou word as die oorlog van die geweer, omdat die stryd daardeur gewen is. Sy jarelange vertroudheid met die geweer, wat deel was van die Boer se persoonlikste besittings, en sy uitstekende ruiterskap en goeie kennis van plaaslike omstandighede het aan die Boerekryger 'n baie groot voorsprong bo sy Britse eweknie gebied, teen wie die gebrek aan hierdie vermoëns baie sterk getel het.

Die oorlog het aan beide kante baie duidelike lesse geleer; lesse waarvoor soms baie duur betaal is. Een van hierdie lesse was dat 'n volk, ten spyte van sy oënskynlike swakheid, maar besiel met 'n onsterflike ideaal, nie onderskat moet word nie. Die burgers van die ZAR het 'n eed geneem dat hulle vir hulle vryheid sou veg en sou sterf al was die vyand ook hoe sterk en dit het hulle voorwaar gedoen. Daardeur het hulle nie alleen die wêreld verstom nie, maar ook daarin geslaag om hulle swaarverdiende vryheid gedeeltelik terug te wen.

Om mee af te sluit, kan die opmerking van Carter dien as raak samevatting van hierdie stryd, wanneer hy skryf:

> 'I might say also that their success in arms won for them that small measure of independence which they enjoy today; it must remain an incontrovertible fact, that had they not been successful in battle, the Transvaal at this hour would be under British flag still'.[99]

* Kapt Richard von Moltke, BA SOD, is verbonde aan die Dokumentasiediens van die SAW.

## AANHANGSEL

Die omrekening na die metrieke stelsel is nie in die teks gedoen nie en word vir die gerief hier verstrek. (Berekenings is benaderd.)

1. **Kaliber**

| | |
|---|---|
| .45 duim | = 11,2 mm |
| .577 duim | = 14,4 mm |

2. **Lengte**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 duim | = 2,5 cm | 25¼ duim | = 64 cm |
| 4 duim | = 10 cm | 33 duim | = 84 cm |
| 6 duim | = 15 cm | 1 voet | = 30,5 cm |
| 20 duim | = 51 cm | 4½ voet | = 137 cm- |
| | | 5½ voet | =167,5 cm |

3. **Gewig**

| | |
|---|---|
| 2 pond | = 0,9 kg |
| 2 pond 6 onse | = 1,08 kg |
| 4 pond | = 1,8 kg |
| 7 pond | = 3,15 kg |
| 9 pond | = 4,05 kg |

4. **Afstand**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 30 tree | = 27,4 m | 800 tree | = 730 m |
| 40 tree | = 36,59 m | 900 tree | = 823 m |
| 400 tree | = 366 m- | 1 000 tree | = 914 m |
| 500 tree | = 458 m- | 2 000 tree | = 1 828 m |
| 600 tree | = 550 m- | 2 100 tree | = 1 920 m |

### VOETNOTAS

1. J. H. Lehmann: The First War, p 111.
2. Ibid, pp 109-110.
3. Ibid, p 108.
4. Ibid, pp 108-109.
5. F. V. Lategan: Die Boer se Roer, p 48.
6. Tydskrif van die Historiese Vuurwapenvereniging van Suid-Afrika, Vol 8, No 2, Des 1978, p 15.
7. F. V. Lategan: op cit, pp 48-49.
8. G. Tylden: Shoulder Firearms of Southern Africa, 1652-1952 (Africana Aantekeninge en Nuus, Deel 12, No 6) p 210.
9. W. H. Smith: *The Book of Rifles,* pp 47-50.
10. F. V. Lategan: op cit, p 58.
11. J. H. Lehmann: op cit, p. 108.
12. F. V. Lategan: op cit, p 59.
13. J. H. Lehmann: op cit, p 108.
14. F. V. Lategan: op cit, pp 52-53.
15. V. D. Majendie and C. D. Browne: *Military Breech-loading Rifles,* p 58.
16. F. V. Lategan: op cit, p 53.
17. Foto, Africana Museum, Johannesburg.
18. N. L. Peterson (Red): *Encyclopedia of Firearms,* p 224.
19. J. N. George: *English Pistols and Revolvers,* p 242.
20. J. H. Lehmann: op cit, p 110.
21. C. Foulkes: *Sword, Lance and Bayonets,* p 136.
22. T. Wintringham: *Weapons and Tactics,* p 148.
23. Pretoria 1855-1955, p 90.
24. Ibid, pp 91-92.
25. Ibid, pp 90-91.
26. J. L. Pienaar: *Die Raskanonne.*
27. F. V. Lategan: op cit, p 112.
28. J. L. Pienaar: op cit.
29. P. Wahl and D. R. Toppel: *The Gatling Gun,* p 148.
30. Pretoria 1855-1955, p 90.
31. A. M. Davey: *The Siege of Pretoria 1880-1881,* p 283.
32. Ibid, p 279.
33. T. F. Carter: *A Narrative of the Boer War,* p 117.
34. Ibid, p 161.
35. J. H. Lehmann: op cit, p 135.
36. Ibid, p 137.
37. T. Wintringham: op cit, p 49.
38. P. Wahl and D. R. Toppel: op cit, p 53.
39. J. H. Lehmann: op cit, p 137.
40. Ibid, p 289.
41. Ibid, pp 116-117.
42. Ibid, pp 136-137.
43. T. F. Carter: op cit, p 162.
44. J. H. Lehmann: op cit, p 163.
45. T. F. Carter: op cit, p 164.
46. J. H. Lehmann: op cit, p 152.
47. T. F. Carter: op cit, p 165.
48. J. H. Lehmann: op cit, p 137.
49. T. F. Carter: op cit, p 197.
50. J. Nixon: *The Complete Story of the Transvaal,* p 70.
51. T. F. Carter: op cit, pp 199-202.
52. Ibid, pp 204-205.
53. J. H. Lehmann: op cit, pp 170-191.
54. J. Nixon: op cit, p 74.
55. T. F. Carter: op cit, p 204.
56. Ibid, p 225.
57. J. H. Lehmann: op cit, p 232.
58. Ibid, p 292.
59. Ibid, p 243.
60. Ibid, p 242.
61. T. F. Carter: op cit, p 271.
62. J. H. Lehmann: op cit, p 258.
63. Ibid, p 260.
64. J. Nixon: op cit, p 249.
65. T. F. Carter: op cit, p 272.
66. J. H. Lehmann: op cit, p 250
67. Ibid, p 244.
68. Ibid, p 250.
69. Ibid, p 244.
70. J. Nixon: op cit, p 185.
71. A. M. Davey: op cit, p 289.
72. Lady Bellairs: *The Transvaal War 1880-1881,* p 243.
73. T. F. Carter: op cit, p 444.
74. Ibid, p 376.
75. J. Nixon: op cit, p 203.
76. Lady Bellairs: op cit, p 243.
77. T. F. Carter: op cit, p 405.
78. Ibid, pp 414-415.
79. J. Nixon: op cit, p 225.
80. T. F. Carter: op cit, p 426.
81. Ibid, p 411.
82. Ibid, p 351.
83. J. Nixon: op cit, p 231.
84. Ibid, p 223.
85. T. F. Carter: op cit, p 434.
86. Lady Bellairs: op cit, p 312-320.
87. J. H. Lehmann: op cit, p 216.
88. J. Nixon: op cit, p 233.
89. Lady Bellairs: op cit, p 279.
90. Ibid, p 283.
91. J. Nixon: op cit, p 234.
92. T. F. Carter: op cit, p 438.
93. J. H. Lehmann: op cit, p 221.
94. T. F. Carter: op cit, p 411.
95. J. H. Lehmann: op cit, p 221.
96. J. Nixon: op cit, p 225.
97. Ibid, p 223.
98. T. F. Carter: op cit, p 413.
99. Ibid, p 1.

### BIBLIOGRAFIE

1. Bellairs, Lady: The Transvaal War 1880-1881, London, 1885.
2. Carter, T. F.: A narrative of the Boer War: its causes and result (New Edition), London, 1898.
3. Davey, A. M.: The Siege of Pretoria 1880-1881 (M.A. Tesis), Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Negentiende Jaargang, Deel 1, Parow, 1956.
4. Du Val, C.: With a Show through Southern Africa, London, 1884.
5. Ffoulkes, C.: Sword, Lance and Bayonet, London, 1967.
6. George, J. N.: English Pistols and Revolvers, Dunelow Country, North Carolina, 1938.
7. George, J. N.: English Guns and Rifles, Harrisburg USA, 1947.
8. Majendie, V. and Browne, C. D.: Military Breech loading Rifles, Outario, 1973.
9. Lategan, F. V.: Die Boer se Roer, Kaapstad en Johannesburg, 1974.
10. Lehmann, J. H.: The First Boer War, London, 1972.
11. Nixon, J.: The Complete Story of the Transvaal (from the "Great

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Trek" to the Convention of London), London, 1885.
12. Pienaar, J. L.: Die Raskanonne, 1949.
13. Peterson, H. L. (Red.): Encyclopedia of Firearms, London.
14. Text Book of Small Arms.
15. Smith, W. H. B.: The Book of Rifles, Harrisburg, USA, 1911.
16. Taylerson, A. W.: The Revolver, 1865-1888, London, 19.
17. Tylden, Maj G.: Shoulder Firearms in Southern Africa 1652-1952, (Africana-Aantekeninge en Nuus, Deel 12, No. 6).
18. Tydskrif van die Historiese Vuurwapenvereniging van Suid-Afrika waarby ingelyf is die Wapen- en Wapenuitrustingsvereniging, Vol 8, No. 2, Desember 1978.
19. Wahl, P. and Toppel, D.R.: The Gatling Gun, London, 1966.
20. Williams, B. and Epstein, S.: The Rocket Pioneers, London, 1957.
21. Wintringham, T.: Weapons and Tactics, London, 1935.
22. Stadsraad van Pretoria, Pretoria 1855-1955.

**ERKENNING**

Die Africana-Museum, Johannesburg vir foto's tot beskikking gestel.

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria vir foto's tot beskikking gestel asook vir die gewere wat gefotografeer is.

bladsy 36

* Wat presies hierdie mynvelde en handgranate was, kon nog nie vasgestel word nie.